

Maandag 3 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 119:17-24

Fokusgedeelte: Psalm 119:17-18

Leer my om u woord nog beter te verstaan ...

In die derde strofe van Psalm 119 (vs 17-24) lees ons vir die eerste keer van die digter se moeilike omstandighede. Tot dusver was die Psalm positief en vol vertroue. Nou lees ons van beledigings (vs 22) en moontlike vervolging (vs 23). Daarom bid hy. Hy bid dat die Here hom tog moet bevry uit hierdie gevaar (vs 22).

Dit is egter nie al waarvoor hy bid nie. Te midde van hierdie omstandighede bid hy vir nog iets: dat die Here hom sal help om sy woord nog beter te verstaan (vs 17-18).

Is dit nie aangrypend nie? Onder soortgelyke omstandighede bid ons maklik vir uitkoms. Maar hoe gereeld bid ons onder hierdie omstandighede dat die Here ons sal help om sy woord nog beter te verstaan?

Dit moet ons bid, want in sy woord gee die Here ons die regte perspektief op ons lewe en omstandighede – insluitend ons beproewing en swaarkry. Deur sy woord laat die Here ons koers hou in die lewe. Deur sy woord leer Hy ons wat dit is om werklik te lewe.

Wat 'n wonderlike perspektief het ons nie as Nuwe-Testamentiese gelowiges vanuit die Here se woord nie! Ons wéét dat Christus reeds gekom het; ons wéét dat ons in lewe en in sterwe aan Hom behoort; ons wéét dat niks ons uit sy hand kan ruk nie; ons wéét dat Hy weer kom; ons wéét dat die Gees ons leer en lei. Wat 'n troos is dit nie te midde van beproewing en swaarkry nie!

Mag ons daarom opnuut besef hoe die Here deur sy woord ons perspektief gee en perspektief laat hou in hierdie lewe. Mag sy woord daarom ons vreugde wees, en mag ons te midde van moeilike omstandighede bid: “Leer my tog om u woord nog beter te verstaan ...”

Sing: Psalm 119-1:7, 8

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)